
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.
3. Lees die vrae aandagtig deur en beantwoord SLEGS wat gevra word.
4. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Toon ALLE stappe in die berekeninge.
7. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
8. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 'n Bron van plaaskapitaal wat verkry word deur geld by 'n finansiële instelling te leen:

A Toelaag
B Lening
C Spaargeld
D Belegging

1.1.2 Die beste tyd vir 'n boer om plaastoerusting en masjinerie te herstel en te diens, is gedurende …

A die piek-oesseisoen.
B die reënvalseisoene wanneer die meeste boere besig is om te plant.
C die afseisoene wanneer die werksvolume op die plaas laag is.
D openbare vakansiedae wanneer die meeste werkers by die huis rus.

1.1.3 Die volgende praktyk sal die drakrag van natuurlike weivelde verbeter:

A 'n Toename in veelading oor 'n lang tydperk
B Wisselweiding
C Onbeheerste veldbrande
D 'n Stelsel waar die diere in 'n kraal geplaas word

1.1.4 … is een van die rolle van 'n entrepreneur in besigheidsontwikkeling in die landbousektor.

A Die beperking van risiko's met betrekking tot voedselsekerheid
B Verontagsaming van ekologiese landbou
C Vermindering van die verskeidenheid van produkte in die mark
D Die vasstelling van wêreldwye markpryse

1.1.5 Werk op 'n plaas wat meer intellektuele vermoë vereis, is om …

A 'n dierehok skoon te maak.
B besluite oor planttyd te neem.
C onkruid uit 'n groentetuin te verwyder.
D die voertuie wat van die mark af terugkeer, skoon te maak.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.6 Die mark wat fokus op spesifieke kliënte vir die bemarking van 'n gespesialiseerde produk:

A Groothandelmark
B Kleinhandelmark
C Nismark
D Varsproduktemark

1.1.7 'n Boer produseer appels teen 'n koste van R25,00 per sak. Bepaal die prys per sak as die winsgrens 10% is:

A R2,50
B R22,73
C R22,50
D R27,50

1.1.8 Volgens regulasies moet voertuie en sleepwaens wat diere vervoer, …

A gladde vloere hê.
B nie lugvloei in veelvlakkige voertuie toelaat nie.
C genoeg ruimte hê waar die diere dig teen mekaar ingelaai word.
D sykante hê wat verkieslik laer as die hoogte van die diere is.

1.1.9 Die Wet wat die alkoholvervaardigingsbedryf beheer:

A Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964)
B Wet op Standaarde, 1962 (Wet 24 van 1962)
C Wet op Wyn, Ander Gegiste Drank en Spiritualieë, 1957 (Wet 25 van 1957)
D Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968)

1.1.10 'n Voorbeeld van bioafbreekbare organiese verpakkingsmateriaal:

A Bamboes
B Plastiek
C Metaal
D Polistireen (10 x 2) (20)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term/frase in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.11 M. Gebruik elke beskrywing in KOLOM B slegs EEN keer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Drakrag | A dui die tipe en die vlak van voedingstowwe in die grond aan |
| 1.2.2 Meganisasie | B bepaal deur die tipe en volume gras asook eetbare struike |
| 1.2.3 Chemiese gronddata | C stel die produsent in staat om groot areas in 'n kort tydperk te oes |
| 1.2.4 Entrepreneurskap | D hierdie samevatting verduidelik kortliks die boerderyonderneming, die produksieproses, die teiken-mark en belangrike finansiële inligting |
| 1.2.5 Hoofopsomming | E maklike toegang tot data van 'n boerderyonderneming |
| 1.2.6 Tersiêre landbou | F finansiële brondokument wat maandeliks deur die boer opgestel word |
| 1.2.7 Produkorganisasie | G 'n entiteit wat die boer ondersteun deur navorsing vir 'n spesifieke produksie-onderneming |
| 1.2.8 Masjienoes | H die aksie om 'n boerderyonderneming te ontwikkel, die neem van finansiële risiko's met die doel om 'n wins te maak |
| 1.2.9 Bankstaat | I beskryf in breë trekke die visie en missie van die boerderyonderneming |
| 1.2.10 Elektroniese inligting | J finansiële brondokument wat maandeliks deur die boer ontvang word |
| | K die verskaffing van dienste aan die boer |
| | L die gedeeltelike vervanging van arbeid deur kapitale belegging wat tot 'n vermindering van arbeiders lei |

(10 x 2) (20)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Gee die KORREKTE landboukundige term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 Rekordhouding.

1.3.1 Die tipe kapitaal wat normaalweg duur is en oor 'n twintig-jaar-periode afbetaal word

1.3.2 Die veeboerderymetode wat op 'n groot plaas met minimum insetkoste beoefen word

1.3.3 Die bestuursbeginsel toegepas waar die logboek van die trekker afgeteken moet word voor die bestuurder aan die einde van die werksdag kan vertrek

1.3.4 Kompeterende produk in die mark wat ook die behoeftes van die verbruiker bevredig

1.3.5 Begroting gebruik om die finansiële aspekte van twee verskillende gewasse om gedurende die volgende seisoen te plant, te vergelyk (5 x 1) (5)

1.4 Verander die ONDERSTREEPTE WOORD(E) om die volgende stellings KORREK te maak. Skryf die toepaslike woord(e) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 Vaste kapitaal.

1.4.1 <u>Grondkompaktering</u> is die rangskikking van gronddeeltjies in eenhede om 'n kenmerkende patroon te vorm.

1.4.2 <u>Vrye bemarking</u> is 'n bemarkingsmetode waar boere produkte aan groot kettingwinkels, volgens 'n getekende ooreenkoms, verskaf.

1.4.3 Die proses om te bepaal wat die verbruiker regtig nodig het en wil koop, staan as <u>teikenmark</u> bekend.

1.4.4 Die <u>Inkomstestaat</u> dui die likiditeit van 'n plaas aan.

1.4.5 <u>Pasteurisasie</u> is 'n proses wat gebruik word om 'n landbouproduk te preserveer deur die temperatuur na onder 0 °C te verlaag. (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 50**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B

## VRAAG 2: FISIESE PLAASBEPLANNING

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**


2.1 Landbouhulpbronne is insette wat vir landbouproduksie noodsaaklik is.

2.1.1 Noem TWEE maniere waarop diere voordeel trek uit die grond. (2)

2.1.2 Verduidelik hoe grond voordeel trek uit plante. (2)

2.1.3 Beskryf die verskil tussen *primêre* en *sekondêre hulpbronne* en gee EEN voorbeeld van elk. (4)

2.2 Die diagram hieronder toon vier weivelde vir verskillende kampe op 'n plaas met die geraamde hoeveelheid weiding wat per maand geproduseer word.




2.2.1 Beskryf die term *weiveld.* (2)

2.2.2 Identifiseer in die diagram hierbo die WEIVELD (A–D) wat swak bestuur word. Gee TWEE redes om jou antwoord te steun. (3)

2.2.3 Gee TWEE redes in die diagram hierbo waarom WEIVELD B as 'n *goed bestuurde* weiveld beskou kan word. (2)

2.2.4 Beveel DRIE bestuurspraktyke vir WEIVELD A aan wat goeie weiveldtoestand bevorder. (3)

2.2.5 Gebruik die inligting in die diagram hierbo om die beste tyd aan te dui om WEIVELD D te gebruik, wanneer smaaklikheid beter sal wees. Gee redes vir jou antwoord. (3)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3 Bestudeer die diagram oor topografie en helling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Dui die helling aan wat die warmste in die diagram hierbo sal wees. Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

2.3.2 Noem die topografiese faktor wat in die diagram hierbo geïllustreer word. (1)

2.3.3 Beskryf die effek van die skaduweesone, soos in die diagram aangedui. (3)

2.4

| |
|---|
| 'n Boer wil die veevertakking uitbrei. Die plan is om 'n naburige plaas en 100 vee te koop en om meer arbeid te huur wat 'n verdere R8 000 per maand gaan kos. Om suksesvol te wees, moet die boer vir ekstra finansiële bystand by 'n bank aansoek doen. |

Gebruik die inligting in hierdie gevallestudie om EEN voorbeeld van ELK van die volgende te identifiseer: (Moet NIE die waardes gebruik NIE.)

2.4.1 Langtermynkrediet (1)

2.4.2 Mediumtermynkrediet (1)

2.4.3 Korttermynkrediet (1)

2.5 Grondproduksiepotensiaal is 'n belangrike aspek vir enige boer.

2.5.1 Verduidelik die volgende stelling:

Grondpotensiaal is slegs 'n betekenisvolle term as dit met 'n spesifieke gewas verband hou. (2)

2.5.2 Noem DRIE stappe om optimale gebruik van gronde vir landboukundige doeleindes te bepaal. (3)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.6 Grondkleur is 'n nuttige aanduiding van sommige eienskappe van grond. Verskillende kleure grond bestaan as gevolg van sekere grondtoestande.

Dui die oorsaak van die volgende grondkleure aan:

2.6.1 Swart (1)

2.6.2 Grys (1)

2.7 Die foto hieronder toon die gevolge van swak grondbestuur.



2.7.1 Identifiseer die tipe gronddegradasie hierbo getoon. (1)

2.7.2 Noem DRIE moontlike boerderypraktyke wat die gronddegradasie veroorsaak wat in VRAAG 2.7.1 geïdentifiseer is. (3)

2.7.3 Noem DRIE maatreëls wat 'n boer moet gebruik om die gronddegradasie, soos in die foto hierbo getoon, te voorkom. (3)

2.7.4 Lei TWEE moontlike nadelige effekte af van die gronddegradasie wat in die foto getoon word. (2)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.8 Die korrekte keuse van 'n boerderystelsel is uiters belangrik aangesien die stelsel wat gekies is, die winsgewendheid en volhoubaarheid van die plaas sal affekteer.

Die volgende is 'n lys boerderystelsels en boerderymetodes wat in die landbouproduksieproses gebruik word:

- Organiese boerdery
- Bestaansboerdery
- Semi-intensiewe boerdery
- Kommersiële boerdery

Identifiseer TWEE boerderystelsels in die lys hierbo. (2)

2.9 Beskryf hoe 'n agritoerisme-vertakking tot die algehele waarde van die boerderyonderneming kan bydra. (2)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEPLANNING, ENTREPRENEURSKAP, BEMARKING, PRYSBEPALING EN DIE BESTUURSPROSES**

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

3.1 Beskryf kortliks die volgende aspekte van 'n besigheidsplan:

3.1.1 Die finansiële plan van die onderneming (2)

3.1.2 Die bemarkingsplan vir die onderneming (2)

3.2 Die tabel hieronder toon data van 'n produksie-eenheid op 'n plaas.

| DATA VAN PRODUKSIE-EENHEID | |
|---|---|
| Vaste koste per maand | R35 000 |
| Ander koste per maand | R5 000 |
| Veranderlike koste per eenheid | R150 |
| Verkoopprys per eenheid | R275 |
| Eenhede geproduseer en verkoop per maand | 300 |

3.2.1 Bereken die inkomste per maand vir die produksie-eenheid. (3)

3.2.2 Met 'n totale koste van R85 000 per maand, bereken die wins of verlies vir die maand vir hierdie produksie-eenheid. (2)

3.2.3 Hieronder is VIER aanbevelings vir die boer om plaaswins te verhoog. Dui aan of ELK van die volgende voorstelle WAAR of ONWAAR is:

(a) Verhoog produksie en verkoop meer eenhede per maand. (1)

(b) Verminder ander koste. (1)

(c) Stop produksie en moet geen koste hê nie. (1)

(d) Verminder produksie en bespaar op vaste koste. (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.3 'n Boer is die alleeneienaar van 'n groenteplaas en 'n winkel wat die groente verkoop. Hierdie winkel is die enigste varsgroentewinkel in die gebied. Die boer het nie genoeg geld om die winkel doeltreffend te bestuur nie. Die boer se werkers is voordurend in argumente met klante betrokke en die winkel is in 'n gebied geleë waar daar hoë vlakke van misdaad en werkloosheid is. Om die boer te help, het die plaaslike koerant ingestem om 'n advertensie in die koerant te plaas teen verminderde koste.

3.3.1 Ontwikkel 'n SSGB-ontleding ('SWOT analysis') vir die boer se besigheid, gebaseer op die scenario hierbo, onder die volgende opskrifte:

(a) Sterk punte (2)

(b) Swak punte (1)

(c) Geleenthede (1)

(d) Bedreigings (1)

3.3.2 Verduidelik waarom dit vir die boer voordelig is om produkte van die plaas in die boer se eie winkel te verkoop. (2)

3.3.3 Stel maniere voor waarop die boer die probleem van die werkers wat met klante stry, kan oplos. (3)

3.4 Vergelyk *plaashekbemarking* met *varsproduktebemarking* onder die volgende opskrifte:


3.4.1 Bemarkingskoste (2)

3.4.2 Verkoopprys (2)

3.5 Noem die voordele van internetbemarking. (4)

3.6 Kies EEN embleem (**A**, **B** of **C**) hieronder om in 'n advertensie vir olyfolie ('olive oil') te gebruik wat die effektiefste op 'n plakkaat sal wees. Motiveer jou keuse volledig.

**A** **B** **C**




(2)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.7 Die volgende is stappe in die besluitnemingsproses. Rangskik die stappe in die korrekte volgorde deur slegs die letters (A–F) langs die vraagnommer (3.7) in die ANTWOORDEBOEK neer te skryf.

| | | |
|---|---|---|
| **A** Evalueer die alternatiewe | **B** Evalueer resultate en volg op | **C** Baken alternatiewe af |
| **D** Implementeer die besluit | **E** Definieer en beskryf die probleem | **F** Kies die beste oplossing |

(6)

3.8 Noem die voordele van koördinasie. (4)

3.9 Nuwe metodes en tegnieke het boere 'n kans gegee om produksie te verhoog en die plaas se langtermyn-volhoubaarheid te handhaaf. Die plaasbestuurder moet egter die vermoë hê om die arbeidsmag te motiveer om vlakke van produktiwiteit te verbeter.

3.9.1 Verduidelik *produktiwiteit* met gebruik van konsepte soos *insette* en *uitsette* in 'n boerderyonderneming. (2)

3.9.2 Beskryf die term *volhoubaarheid.* (2)

3.9.3 Noem die motiveringsfaktore wat werkers kan beïnvloed om produktiwiteit te verbeter. (3)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: FINANSIËLE BEPLANNING, REKORDHOUDING, OES, WAARDETOEVOEGING EN VERPAKKING**

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

4.1 Die stappe om 'n begroting op te stel, word hieronder aangedui. Skryf die stappe om 'n begroting vir 'n veeproduksie-vertakking op te stel in die korrekte volgorde in die ANTWOORDEBOEK neer.

- Evalueer die winsgewendheid en/of finansiële lewensvatbaarheid van die plan met die nodige berekeninge, norme en parameters.
- Definieer die produksieproses.
- Stel 'n aktiwiteitskaart volgens die vereiste tydraamwerke saam.
- Bepaal eksterne faktore soos bemarkingskwotas, rentekoerse, ens.
- Bepaal die pryse van insette en uitsette.
- Definieer die tipe en ontwerp van die begroting.
- Beraam produksie en opbrengs per begrotingseenheid.
- Bereken die vaste koste of die aktiwiteite wat vir arbeid en meganisasie gebruik word. (8)

4.2 Stel 'n Inkomstestaat vir Januarie uit die volgende transaksies saam:

- 4 Januarie – koop saad vir R5 000,00
- 10 Januarie – koop brandstof vir R3 000,00
- 15 Januarie – koop kunsmis vir R4 000,00
- 25 Januarie – verkoop kalwers vir R20 000,00
- 31 Januarie – betaal arbeider R4 000,00 (8)

4.3 Noem die belangrikheid van 'n Inkomstestaat. (3)

4.4 'n Boer maak die volgende inskrywings gedurende 'n maand. Identifiseer die hooftipes rekords wat by ELK van die volgende beskrywings pas:

4.4.1 Totale reënval van 50 mm (1)

4.4.2 Vee vir 25 dae op weiveld (1)

4.4.3 Arbeider A is van die 1ste tot die 20ste met verlof (1)

4.4.4 Produseer 50 ton van gewas (1)

4.4.5 Verkry R3 500/ton vir 'n gewas by die mark (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.5 Die stappe in 'n rekenkundige stelsel word hieronder aangedui. Teken 'n vloeidiagram om hierdie basiese stappe in die korrekte volgorde te toon.

- Jaareindwaarde van Balansstaat
- Aanteken van transaksies
- Balansstaat van begrotingsinventaris
- Opsomming van transaksies
- Inkomstestaat- en Balansstaat-analise (6)

4.6 Onderskei tussen *met die hand oes* en *masjienoes* met gebruik van die volgende opskrifte:

4.6.1 Aantal arbeiders benodig (2)

4.6.2 Tydraamwerk nodig (2)

4.6.3 Koste in die lang termyn (4)

4.7 Noem die basiese vereistes van produkstoorstrukture en houers. (5)

4.8 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| A | | B | | C | | D | | E |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| rou produk | → | souting | → | droging | → | sny | → | verpakking |

4.8.1 Identifiseer die landboukonsep wat in die diagram hierbo getoon word. (1)

4.8.2 Noem die metode van produkpreservering wat in die diagram hierbo gebruik is. (1)

4.8.3 Verduidelik waarom proses **E** nodig is. (2)

4.9 Beskryf kortliks die maal van 'n landbouproduk. (3)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African